

NUUSBRIEF

KANGNAS WIND FARM

# KANGNAS-WINDKRAGAANLEG GEMEENSKAPSNUUSBRIEF

Julie 2022

## BIODIVERSITEITSPROJEK SKEP GELEENTHEID VIR ONTWIKKELING

*’n Ekologiese en biodiversiteitsprojek is van stapel gestuur om ’n uitgebreide stuk grond naby die groter Goegap-natuurreservaat (GNR) in die omgewing van Springbok te beskerm. Die projek bied ook die geleentheid vir ekonomiese ontwikkeling. Die program sal tot die opheffing van die plaaslike gemeenskap bydra deur entrepreneuriese ontwikkeling, indiensneming, die ontwikkeling van vaardighede en kapasiteitsuitbreiding.*

*“Dit was vir ons belangrik om ’n plaaslike maatskappy aan te stel sodat die gemeenskap deel kan wees van die ontwikkeling wat plaasvind. Ons wil ’n positiewe, betekenisvolle en langdurige sosio-ekonomiese verandering binne die gemeenskap bewerkstellig,” sê Rouchet Daniels, ekonomiese ontwikkelingsbestuurder by die Kangnas-windkragaanleg.*



“Die projek skep die geleentheid vir uitbreiding en danksy die projek het ons 'n nuwe marksektor betree. Ons doen in die proses ook waardevolle ondervinding in die velde van menslike hulpbronbestuur, betaalbestuur en projekbestuur op,” sê George MacDonald, direkteur en eienaar van JLK Business Consulting.

## PSIGOSOSIALE ONDERSTEUNING



*'n Ondersteuningsveldtog het gehelp om meer as 800 leerders in die Nama Khoi Munisipale gebied by te staan. Die program bied ondersteuning aan graad 3 tot graad 12-leerders op 'n sielkundige, sosiale, emosionele en opvoedkundige vlak.*

*Die Kangnas-windkragaanleg befonds hierdie program in samewerking met die Noord-Kaapse departement van onderwys aangesien dit sy sosio-ekonomiese ontwikkelingsprogram ondersteun. Die kernfokus van die program is die verbetering van onderwysprestasie deur kwaliteit opvoedkundige ondersteuningsdienste. Die program is daarop gemik om klasbywoning, sowel as leerderdeelname te verbeter.*



## HOËRSKOLE NEEM DEEL AAN DIE WINDDAGKOMPETISIE

*Leerders van reg oor die 6 Springbok gemeenskapshoërskole het pret gehad om werkende model turbines te bou as deel van 'n Wereld Winddagkompetisie. Graad 8 tot 9-leerders was geskies om deel te vorm van 'n span wat elk hul skool in die kompetisie verteenwoordig het en was 'n tydperk gegee van drie weke om die projek te voltooi. Hoërskool SA van Wyk en Hoërskool Namaqualand was aangewys as die wenners van hierdie kompetisie en is uitgenooi om Kangnas-windkragaanleg later die jaar te besoek.*